Oordenking
31 Desember 2009

‘n Oujaarsdag boodskap oor Kersfees volgens die beskrywing van Johannes!

Luister na Johannes se beskrywing van die Evangelie: *"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid* (Joh 1:14).

As ons hierdie teks ‘n naam wil gee, dan noem ons dit *“Kersfees volgens Johannes”*.
In Johannes se weergawe vind ons nie verwysings na Betlehem, herders, engele, wyse manne en ander besonderhede wat deel geword het van ons gewone Kersfees herinneringe nie.
Johannes vertel die storie vanaf “*die begin*:” (Joh1 :1) Hy vertel dat voor tyd, en voor die skepping, het die Seun van God bestaan en dat Hy ‘n belangrike rol gespeel het in die skepping van ons wêreld en ons mensdom. Ons moet weet dat Hy altyd ‘n belang gehad het in ons “daaglikse aardse werklikheid”.

En dan vertel Johannes dat die Seun van God “*onder ons kom woon*” of te wel, “*tussen ons kom bly het*”.
“*Kersfees volgens Johannes*” wil ons verseker dat in Jesus, God gekom het om te ervaar wat dit beteken om op aarde te lewe, om te droom en te verlang, om die menslike lewe te ervaar, om teleurgesteld te wees, om pyn en hartseer, swakheid en die dood te beleef. Jesus het gekom om deel te word van alles wat vir elkeen belangrik is.

Die punt wat die vers maak dat *Die Woord ‘n mens geword het*, is dat ons nooit alleen is nie:
In Jesus, is God by ons as ons hartseer en siek is,
as ons slegte nuus ontvang,
as ons skuldig voel en skaam is oor wat ons doen,
as ons bekommerd is oor iemand wat ons liefhet,
as ons so opgewonde is oor wat voorlê, dat dit ons doodbang maak,
as ons magteloos voel oor die uitdagings van 2010, wat hierdie naweek by ons is.

Ons sê dit alles want Die Woord het ‘n mens geword, in Jesus ons Emmanuel – wat beteken, God met ons!

Jesus het deel geword van die werklikheid van ons lewe. Kersfees sê dat God nie ver en afgesluit van ons wêreld is nie. Hy is by ons. Hy het gekom om ons vas te hou, al dink ons dat ons onaantreklik geword het en moeilik om lief te hê - as gevolg van ons foute en onreinheid.

Jesus is gebore om vir ons die hart van God te wys. Dis ‘n hart wat met liefde klop vir elkeen van ons. Jesus kom nie om vir ons filosofiese beskrywings van liefde te gee nie. Of om ingewikkelde toetse te doen om te bepaal hoekom ons is wat ons geword het nie. Jesus is liefde en kom wys bloot die liefde van God vir ons.

Hy is die enigste weg na God die Vader en na die ewige lewe.
Jesus is die bron van vrede.
In die baba wat in Betlehem uit Maria gebore is, sien ons soveel van God as wat ons ooit op aarde sal kan sien.
Dié baba is God in vlees en bloed.
Jesus maak ‘n verskil aan jou lewe.
Kersfees nooi jou uit om Jesus te vertrou.
Kersfees daag jou uit om Jesus ernstig op te neem gedurende elke uitdaging gedurende elke dag in 2010.
Jesus gee nuwe lewe aan jou daaglikse bestaan, selfs wanneer die vuilheid waartussen ons leef, begin wys.

God het vandag vir jou ‘n woord vir die nuwe jaar:
God het ‘n mens geword, omdat Hy lief is vir jou.
Vertrou God. Aanvaar sy liefde. Verstaan dat Hy van alles weet wat jy nodig het.
Vra Hom in elke geval, wat jy nodig het.

Bly kalm.
God is in beheer – en Hy is by jou. Hy sal jou seën en beskerm.
Dis wat dit nog die hele tyd beteken het, om Kersfees te vier!